

22 September

Skrifgedeelte: Johannes 2:23-3:21

Fokusgedeelte: Johannes 3:3,16

Is jy wedergebore?

Jesus sê vir Nikodemus: "Dit verseker Ek jou: As iemand nie opnuut gebore word nie, kan hy die koninkryk van God nie sien nie". Wat 'n genade dat die Here nie vir hom sê om te sorg dat hy opnuut gebore word nie. Hy sê dit ook nie vir ons nie. Nikodemus was 'n Fariseër wat met klipharde selfversekerdheid van mening was dat jy die ewige lewe slegs kon verdien deur strenge wetsonderhouding. Daarom bewonder hy Jesus se wonderdade. Daar was ook baie ander mense wat so bolangs in Jesus geglo het, maar Hy het nie sy vertrouwe in hulle gestel nie omdat Hy geweet het dat hulle binnekort sou skree: Kruisig Hom!

Die Fariseër het geleer: Die wêreld moet verander om soos hulle te word. Nou sê Rabbi Jesus: Nikodemus, dit is jy wat moet verander, maar nie vanself nie – wel deur die Heilige Gees. Hy werk onsigbaar en onnaspeurlik soos die wind. God het sy geskape wêreld so liefgehad – liever as sy enigste Seun – sodat Hy Hom gegee het om aan die kruis te sterwe. Elkeen wat in Hom glo, sal nie verlore gaan nie maar sal die ewige lewe hê. As jy dan in Jesus glo, is jy reeds opnuut gebore, want geloof is die vrug van die wedergeboorte. Ook Nikodemus het dit ondervind. En jy? "Loof die Here, o my siel en alles wat binne-in my is, sy heilige Naam!"

Sing: Skrifberyming 14:1

Ds J Venter (Emeritus)